FEESGROETE

Soos u weet, is dit die FW de Klerk Stigting se eerste en belangrikste doel om die Grondwet te verdedig en bevorder. Op makrovlak dien die Grondwet as die hoeksteen vir die Suid-Afrikaanse samelewing. As ‘n kampvegter-dinkskrum, moniteer die FW de Klerk Stigting openbare en private beleidsmaatreëls, ten einde te verseker dat dit met die Grondwet ooreenstem, en om daarop te wys wanneer dit nie daarmee ooreenstem nie.

Onder die instrumente om dit te verwesenlik - deur ons Sentrum vir Grondwetlike Regte en ons Sentrum vir Eenheid in Diversiteit - tel:

- voorleggings aan die Parlement en Hoofstuk 9-instellings;
- verklarings en artikels (aanlyn en in druk);
- radio- en TV-onderhoude;
- rondetafel-besprekings;
- konferensies; en
- litigasie.

Om die bogenoemde te bereik, is ons dankbaar vir u bydrae tot en steun aan die FW de Klerk Stigting. Dit word waardeer, en help ons om 'n verskil vir alle Suid-Afrikaners te maak.

Ons sien uit na 'n uitdagende 2018, maar ons sal met u lojale ondersteuning steeds 'n verskil in die samelewing kan maak.

Ek wens u 'n rustige en vreedsame feestyd toe.

FW de Klerk
Emeritus-Voorsitter